Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 34 | 28 Junie 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

As 'n eier vanaf die buitekant gebreek word dan eindig lewe.
As 'n eier vanaf die binnekant gebreek word dan begin lewe.
Alle groot dinge begin vanaf die binnekant.

PRESIDENT SE AANKONDIGING

Die President het Sondagaand die land toegespreek en onder andere aangekondig dat skole vanaf 30 Junie 2021 kan begin sluit, en daar word verwag dat alle skole teen die einde van die week, 2 Julie 2021, gesluit sal wees.

Daar sal verdere vergaderings dié week plaasvind, waarná die Minister van Basiese Onderwys meer inligting sal verskaf. Daar is onder andere nog onduidelikheid oor die datum waarop die derde kwartaal gaan begin, maar voorlopig blyk dié datum 19 Julie 2021 te wees. Ons sal u op hoogte van sake hou soos inligting aan skole beskikbaar gestel word.

Ons besef dat daar tans meer vrae as antwoorde is, maar kom ons gebruik die week om goed en veilig af te sluit.

ASSESSERING

Die einde is in sig..... Die leerders se laaste assesserings vir die Kwartaal 2, sal as volg plaasvind:

- **29 Junie 2021 Graad 4, 5, 6 & 7 Geografie**

  Ouers kan leerders daarna as volg kom afhaal:

  10:00 Graad R, 1, 2 en 7
  10:30 Graad 3, 4, 5 en 6

  Daar sal toesig tot en met 14:00 wees vir leerders wat nie afgehaal kan word nie.

  Daar sal geen buitemuurse aktiwiteite plaasvind nie.

- **30 Junie 2021** **Graad 7** **EBW**
  Graad 4 – Graad 6 **SOS**

Ouers kan leerders daarna as volg kom afhaal:

10:00	Graad R, 1, 2 en 7
10:30	Graad 3, 4, 5 en 6

Daar sal toesig tot en met 14:00 wees vir leerders wat nie afgehaal kan word nie.

Daar sal geen buitemuurse aktiwiteite plaasvind nie.

- **1 Julie 2021** **Graad 7** **Kuns** **(Gebruik asseblief die saalhek)**

Alle leerders wat nie assessering kon afhandel nie, moet om 07:30 op 1 Julie 2021 en 2 Julie 2021 in die skoolsaal aanmeld vir die afhandel van uitstaande assesserings. Hierdie leerders moet asseblief gebruik maak van die saalhek.

Leerders wat positief getoets het en isoleer, sal 'n -1 vir die assessering kry wat hulle nie kon skryf nie. Dit beteken dat die assessering nie in ag geneem word tydens die berekening van punte nie. Hierdie leerders word dus nie benadeel omdat hulle nie assessering geskryf het nie.

"Om sterk te begin is goed, om sterk te eindig is epies" – Robin Sharma

Baie dankie aan elke leerder en personeellid wat, in moeilike omstandighede, ons akademiese verpligtinge met erns aangepak en voltooi het.

RAPPORTE

Leerders sal eers rapporte in die derde kwartaal ontvang.

NASKOOLSENTRUM

Die Naskoolsentrum bly oop en sal ook vanaf 1 Julie 2021 reeds om 06:30 oopmaak. Ouers kan gerus van die Naskoolsentrum gebruik maak gedurende die skoolvakansie. Dagbesoekers is welkom.

Baie dankie aan die Naskoolpersoneel wat 'n puik diens lewer en werkende ouers gedurende die tyd sal ondersteun.

Self-care is so important.
When you take time to replenish your spirit,
it allows you to serve others from the overflow.
You cannot serve from an empty vessel.

~ Eleanor Brown ~

POPIA

Die reg op privaatheid word deur die Grondwet beskerm, en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) verskans daardie reg met wetlike inwerkingtreding op 1 Julie 2021. Laerskool Van Riebeeckpark verbind hom tot beskerming van persoonlike inligting.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

1. Laerskool Van Riebeeckpark volg die riglyne soos gebaseer op FEDSAS (Federasie van Verenigings van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole) se voorgestelde template en word beskou as 'n standaard vir Beheerliggame en Skole ten opsigte van POPIA.

2. Laerskool Van Riebeeckpark vra nie toestemming tot enigiets anders as die huidige modus operandi nie, maar slegs u toestemming om voort te gaan met die manier waarop ons persoonlike inligting en beelde verwerk.

3. Wees asseblief verseker dat die beskerming van ons skoolgemeenskap se persoonlike inligting vir Laerskool Van Riebeeckpark van die uiterste belang is.

TOESTEMMING VIR DIE GEBRUIK VAN BEELDE

Laerskool Van Riebeeckpark poog om slegs spesifieke soort foto's te gebruik en terselfdertyd te verseker dat die beelde vir 'n skoolomgewing geskik is. Sodanige foto's dra by tot die bemarking van die skool en om Laerskool Van Riebeeckpark se e-tos en leeromgewing te kan kommunikeer.

TOESTEMMING OM PERSOONLIKE INLIGTING TE GEBRUIK

Laerskool Van Riebeeckpark poog om selektief te wees in die gebruik van inligting, met spesifieke fokus op die uitvoering van die skool se rol as opvoedings-instelling en ook in die belang van die bevordering van die leerders en die skool.

Groete tot volgende kwartaal.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

ALGEMEEN

GHOLF

ONTHOU: GHOLFDAG – 17 SEPTEMBER 2021 te MODDERFONTEIN GHOLFBAAN !!!

Merk asseblief solank hierdie datum in u dagboek. Rig asseblief enige navrae aan: golf@riebie.co.za

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 5 – 9 JULIE 2021

MAANDAG	BURGERS	BROODJIE & SAP
DINSDAG	MAALVLEIS PASTA	VRUG / BROODJIE & SAP
WOENSDAG	GROENTESOP/BROODJIE	POEDING / BROODJIE / SAP
DONDERDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
VRYDAG	RUSSIAN EN CHIPS	SKYFIES / SAP / VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***